# KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

# BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Anja | Haack | 02/15 |
| Kobus | Harmse | 02/16 |
| Sebastian | Visser | 02/16 |
| Vossie | Vosloo | 02/16 |
| Philip | Lochner | 02/17 |
| Smittie | Smit | 02/17 |
| Maeve | Struwig | 02/17 |
| Janli | de Beer | 02/19 |
| Hanette | Groenewald | 02/19 |
| Olof | Breytenbach | 02/20 |
| Peet | Crous | 02/20 |
| Christa-Marié | Williams | 02/21 |

## NUWE INTREKKERS

Baie welkom in ons midde, almal wat by ons inskakel en tuis voel in ons gemeente. Vul asseblief jou naam, van en kontaknommer in in die boek wat op die tafel in die kerk lê. Ons sal jou graag wil verwelkom en leer ken.

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

15 Februarie 2026

# WELKOM!

**EREDIENSTYE**
**Verheerlikingsondag**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Veritas Msinga
**Donderdag**
10h00 Seesaligblok
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 22 Februarie**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Heberg Kinderhuis

## VROUEBYEENKOMSTE:

Dames, ons het sommer die eerste Vrydag en Saterdag in Maart geannekseer! Wêreldbiddag vir Vroue, 6 Maart, 09h30, in l'Agulhas en 'n DAMESOGGEND met Ilse Roux as spreker, saam met 'n uithang - tee om 11h00 in STRUISBAAI se kerk.

## VERHEERLIKINGSONDAG

Oral oor die wêreld word Verheerlikingsondag vandag gevier, die laaste Sondag in Epifanie, voor Lydenstyd begin. Ons herdenk vandag Jesus se verheerliking op die berg en ons dink na oor hoe ons Hom kan verheerlik, loof en prys vir wie Hy is en vir al die liefde wat Hy aan ons gee. - Die verheerliking vier Jesus se goddelikheid wat aan die dissipels geopenbaar word, wat gelowiges voorberei op sy lyding. - Dit fokus gewoonlik op die gebeure op die berg van verheerliking waar Jesus saam met Moses en Elia verskyn. - Die fokus is op hoe God se heerlikheid gelowiges transformeer en verander. VERHEERLIK beteken om iets of iemand te loof; in glorie te verhef. Die term, volgens prof. Hermie van Zyl, is in die Nuwe Testament gewoonlik die Afrikaanse vertaling van die Griekse woord doksadzein. Dit het 3 betekenisse: "om te prys" omdat Hy hoë lof verdien; " om te eer" deur aan iemand hoë status toe te ken deur hom te (ver)eer; of " verheerlik" - om te veroorsaak dat iemand, veral God/ Jesus - se luisterryke grootheid en mag vir almal duidelik kan word. Jesus se verheerliking hang verder ten nouste saam met die verlossing wat Hy kom bring deur sy kruisdood, opstanding en uitstorting van die Heilige Gees.

**Teksvers:** Luk 9 : 29 & 30

Terwyl Hy bid, het die voorkoms van sy gesig anders geword en sy klere skitterend wit. Skielik was daar twee manne wat met Hom praat. Dit was Moses en Elia. Hulle het in hemelse glans aan Hom verskyn en met Hom gepraat oor sy uittog wat Hy in Jerusalem sou voltooi.

**NUWE LIDMATE:** Ons verwelkom belydende lidmate Gerhard en Lizelle van der Walt van Kerksondermure.

## Ons bid vir...

1. Spoedige hulp en bystand aan veeboere wat 'n stryd het met bek-en-klouseer onder hulle beeste.
2. Meer veeartse in ons land om sulke siektes te kan behandel.
3. Boere wat baie krisisse moet hanteer, vir wysheid, insig en middele.
4. Veritas Msinga wat gemoeid is met die opleiding van predikante in Msinga.
5. 'n Heerlike ontspanne familietroue vir Max en Karin Michau, van wie een seun Saterdag trou.

**DANKIE VIR:**

1. Die vooruitsig van nuwe intrekkers wat gaan kom koor sing.
2. Die saamkuier - geleentheid vir die Uitsigblokke wat Donderdag plaasgevind het.
3. Reën in ons gebied.
4. Die verlossing van ons sondes en dat ons U kan eer en prys as ons God.

## Vir ons kinders

### Meer soos Jesus

As ons vandag Verheerlikingsondag vier, bedoel ons daarmee dat ons Jesus (ver) eer as God. Seun van God, maar self ook deel van ons 3-enige God ( Vader, Seun & Heilige Gees).

Een manier hoe ons Jesus kan verheerlik, is om meer en meer soos Jesus te word. Paulus gebruik 5 metafore( beknopte vergelykings) om dit te verduidelik:

1. WIEROOK (of lekkerruik-parfuum ) - 2 Korintiërs 2: 14 & 15 - deur jou word die kennis van Christus oral versprei soos 'n aangename geur.
2. BRIEF (2 Kor.3: 1-3) - jou lewe en dade is 'n brief wat ander mense kan lees oor Jesus.
3. SPIEËL (2 Kor.3:18) - jy is 'n spieël waarin ons vir Jesus kan sien.
4. LIG (2 Kor.4: 5 - 6) - jy bring Jesus se lig aan ander deur jou woorde en dade.
5. KLEIPOT (2 Kor.4:7) - al is jy dalk 'n kleipot wat maklik kan breek, is daar 'n skat in jou.

HOE KAN JY HIERDIE WEEK VIR JESUS VERHEERLIK MET JOU DADE?

**NAGMAAL - NOODSPENS**

Ons neem op 'n Nagmaalsondag nie-bederfbare kruideniersware, toiletware en/of skoonmaakmiddels kerk toe vir ons NOODSPENS. Bring net wat jy kan. Daar is mandjies in die kerk se portaal.

## Doen & Deel

**SPESIALE KOLLEKTE - Veritas Msinga** Veritas College International bestaan al sedert 1992 en is aktief in meer as 45 lande. Hulle werk nou saam met plaaslike kerke en het elke jaar ongeveer 16 000 kursusgangers wat inskryf vir die basisopleiding as eerste vlak van opleiding. Veritas rus kerke wêreldwyd toe om die Bybelse boodskap te interpreteer, daarvolgens te lewe en om die Bybelse boodskap met ander te deel. Hulle verskaf opleiding tot op doktorale vlak. Hullle doel is om kerkleiers op te lei om ander op te lei om die volgende prosesse te fasiliteer:

1. Woordinterpretasie - prakties en met verantwoordelikheid,
2. Aanvaarding van die Woord - kontekstueel en met die oog op Lewensverandering en
3. Kommunikering van die Woord - effektief en kutureel sensitief.

**WêRELDBIDDAG VIR MANS EN VROUE.**

Die Wêreldbiddag vir mans en vir vroue vind albei plaas op Vrydag ,6 Maart, in L'Agulhas.

Die mans se byeenkoms begin om 7:30 en word gelei deur Ds. Pierre Marais.

Die vrouebyeenkoms begin om 9:30.

Nooi jou vriend/vriendin, buurman/buurvrou en word versterk met die tema:"Ek sal julle rus gee"




